

## Ons het 'n volmaakte Hoëpriester

Heb 5:7-10

8 Mei 2022

1. Heb 4:14-16 – Die Seun is die groot en simpatieke Hoëpriester. Heb 5:1-4 – Vereistes waaraan hoëpriester moet voldoen. Heb 5:5 – Die Seun is deur God geroep as Hoëpriester
2. Argument in Heb 5:7-10 – die Seun het gely tydens Sy aardse lewe (v7), tydens die lyding het Hy geleer wat gehoorsaamheid is (v8), sodoende het Hy volmaaktheid bereik (v9a), en Bron van ewige saligheid geword (v9b), en is deur God verklaar tot Hoëpriester (v10)
3. Vers 7
  - a. Aardse lewe (NAV) = dae van Sy vlees (OAV) – fokus op Sy mensheid, swakheid
  - b. Gebede/smeking geoffer met geroep/trane – onderstreep menslike swakheid – vereiste vir Hoëpriesterskap
  - c. Was ontsteld oor gewigtigheid van Sy verantwoordelikheid as Hoëpriester tesame met swakheid as mens (vgl Mat 26:38, Luk 22:44)
  - d. Offer gebed en smeking – vereiste vir Hoëpriesterskap
  - e. God wat Hom uit die dood kan red
    - i. In Sy almag het God die krag om Hom te red, maar
    - ii. wil God in Sy soewereiniteit Hom uit die dood red?
  - f. Het die Seun werklik gebid om van die dood bewaar te word? (vgl Mat 26:39, Joh 10:18, Fil 2:8)
  - g. Die Seun is verhoor uit die ang (OAV)
    - i. Angs vir God se toorn oor die sonde (vgl Ps 22:15-21, Luk 22:43) – bid om krag om dit te kan hanteer
    - ii. Vrees/respek vir God, bid om gered te word uit die dood (vgl Heb 13:20)
  - h. Dus: Die Seun het gebid dat God Hom sal dra om Sy toorn te kan dra, en dat God Hom uit die dood sal terugbring
4. Vers 8
  - a. Die Seun het in Sy lyding gedemonstreer dat Hy gehoorsaam gebly het (vgl Joh 4:34)
    - i. Beteken nie Hy was vroeër nie gehoorsaam nie, maar nou was dit gedemonstreer
5. Vers 9
  - a. Die Seun het volmaaktheid bereik – volmaak, volledig, perfek voldoen aan vereistes om Hoëpriester te kan wees (vgl v10)
    - i. Beteken nie die Seun was vroeër nie volmaak nie
  - b. Die Seun het Bron / Bewerker van ewige saligheid geword
    - i. Vgl Heb 2:10 – Leidsman tot die saligheid
    - ii. Slegs vir die wat aan Hom gehoorsaam is
6. Opsommend
  - a. As die Seun so geworstel het, dink hoe ons sou geworstel het sonder 'n Hoëpriester, maar .....
  - b. Ons het 'n Hoëpriester:
    - i. Volmaak, deur God self aangestel, simpatiek, groot
    - ii. Bewerker en Leidsman van ons ewige saligheid
    - iii. Kan Sy genadetroon met vrymoedigheid nader